The charge in respect of any refuse removal service rendered by the Council and not provided for elsewhere in this tariff of Charges shall be calculated at cost, plus 10%.

PB. 2-4-2-81-116

5. Verwydering van Doole Diere.

- (1) Honde, katte en pluimvee, elk: R2.
- (2) Skape, bokke en varke, elk: R10.
- (3) Diere wat tot die perde- of beesras behoort, elk: R15.

6. Verwydering van Afval Geberg in Houereenhede deur Middel van 'n Stortbakvoertuig.

- (1) Onverdigte afval in houereenhede:
 - (a) met 'n inhoudsvermoë van 6 m³, per verwydering: R20;
 - (b) met 'n inhoudsvermoë van 8,5 m³, per verwydering: R25;
 - (c) met 'n inhoudsvermoë van 9 m³, per verwydering: R27;
 - (d) met 'n inhoudsvermoë van 11 m³, per verwydering: R30.
- (2) Afval verdig ingevolge artikel 8(1), in houereenhede —
 - (a) met 'n inhoudsvermoë van 6 m³, per verwydering: R30;
 - (b) met 'n inhoudsvermoë van 8,5 m³, per verwydering: R37,50;
 - (c) met 'n inhoudsvermoë van 9 m³, per verwydering: R40;
 - (d) met 'n inhoudsvermoë van 11 m³, per verwydering: R45.

7. Verwydering van Afval, Verdig Ingevolge Artikel 8(1) en in Blikke Geberg.

- (1) Verwydering een maal per week, per blik, per jaar: R50.
- (2) Verwydering twee maal per week, per blik, per jaar: R100.
- (3) Verwydering drie maal per week, per blik, per jaar: R150.
- (4) Verwydering ses maal per week, per blik, per jaar: R300.

8. Verwydering van Spesiale Bedryfsafval en die Inhoud van Septiese Tenks.

- (1) Per 6 000 l, of gedeelte daarvan: R15.
- (2) 'n Bykomende bedrag van 30c per km vir die afstand afgelê by lewering van hierdie diens, is betaalbaar.

9. Tydelike Dienste.

Vir die huur van blikke en die verwydering van afval ten opsigte van 'n tydelike aktiwiteit: Per blik, per verwydering: 50c.

10. Algemeen.

Die tarief ten opsigte van enige afvalverwyderingsdiens wat deur die Raad gelever word en ten opsigte waarvan nie elders in hierdie tarief van gelde voorsiening gemaak word nie, word teen koste plus 10% bereken.

PB. 2-4-2-81-116

Administrator's Notice 1918 21 December, 1977

SPRINGS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Springs Municipality, published under Administrator's Notice 667, dated 26 June, 1968, as amended, is hereby further amended by the substitution in item 5(6) for the expression "item 2(1) and (2)" of the expression "item 2(1), (2) and (3)".

PB. 2-4-2-81-32

Administrator's Notice 1919 21 December, 1977

SPRINGS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Traffic By-laws of the Springs Municipality, published under Administrator's Notice 609, dated 14 November, 1934, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 29A(w) for the words "Third Street" of the words "Sixth Street".

PB. 2-4-2-98-32

Administrator's Notice 1920 21 December, 1977

STILFONTEIN MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD DRAINAGE BY-LAWS.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes—

- (a) that the Town Council of Stilfontein has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Drainage By-laws, published under Administrator's Notice 665, dated 8 June, 1977 as by-laws made by the said Council:

By the substitution for subsections (3) and (4) of section 7 of the following:

"(3) Without prejudice to the provisions of section 24 concerning the testing of drainage installations, the Council shall, as soon as practicable after being notified by the owner that the drainage installation on his premises is ready for connection or cause it to be effected.

(4) Any connection effected in terms of subsection (3) and any connection requested by the owner subsequent to a connection in terms of that subsection shall be subject to the approval of the Council and shall be effected at the owner's expense"; and

Administrateurskennisgewing 1918 21 Desember 1977

MUNISIPALITEIT SPRINGS: WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Springs, afgekondig by Administrateurskennisgewing 667 van 26 Junie 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 5(6) die uitdrukking "item 2(1) en (2)" deur die uitdrukking "item 2(1), (2) en (3)" te vervang.

PB. 2-4-2-81-32

Administrateurskennisgewing 1919 21 Desember 1977

MUNISIPALITEIT SPRINGS: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Springs, afgekondig by Administrateurskennisgewing 609 van 14 November 1934, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in die woord "Derdestraat" deur die woorde "Sesdestraat" te vervang.

PB. 2-4-2-98-32

Administrateurskennisgewing 1920 21 Desember 1977

MUNISIPALITEIT STILFONTEIN: AANNAME VAN STANDAARD RIOLERINGSVERORDENINGE.

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 —

- (a) dat die Stadsraad van Stilfontein die Standaard Rioleringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 665 van 8 Junie 1977, ingevolge artikel 96(2) van genoemde Ordonnansie met die volgende wysiging aangenem het as verordeninge wat deur die genoemde Raad opgestel is: Deur subartikels (3) en (4) van artikel 7 deur die volgende te vervang:

"(3) Sonder om af te doen aan die bepalings van artikel 24 wat op die toets van perseelrioolstelsels betrekking het, moet die raad so gou doenlik nadat die eienaar hom in kennis gestel het dat die perseelrioolstelsel op sy perseel gereed is om by die straatriool aangesluit te word, die perseelriool aansluit of laat aansluit.

(4) Enige aansluiting ingevolge subartikel (3) en enige aansluiting deur die eienaar verlang nadat 'n aansluiting ingevolge daardie subartikel gemaak is, moet deur die Raad goedgekeur en ten koste van die eienaar uitgevoer word."; en

- (b) the following Tariff of Charges as a Schedule to the said by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

**"SCHEDULE.
TARIFF OF CHARGES.**

PART I.

APPLICATION FEES.

1. The fees set out in item 3 of this Part shall be payable in terms of section 23(1) of these by-laws in respect of every application made under section 20 thereof, and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The engineer shall assess the fees payable in respect of applications received in terms of section 20 of these by-laws in accordance with item 3 hereof: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal to the Council.

3.(1) The following Fees shall be payable in respect of any application:

- (a) For each 50 m² of part thereof of the floor area of the basement and ground-floor storeys of any building to be served by, or the use of which will, whether directly or indirectly be associated with use of the drainage installation: R1,50.
- (b) For each 50 m² or part thereof of the floor area of all other storeys of a building as described in paragraph (a): 75c.

(2) Minimum charge payable in respect of each application in terms of subitem (1): R3.

(3) For any application for an alteration, (not amounting to a reconstruction of) or for additions to an existing drainage installation: For each storey of a building as described in subitem (1)(a): R3.

(4) For any application made in terms of section 22(2) of these by-laws: R3.

PART II.

DRAINAGE CHARGES.

1. For the purpose of this Part a point shall be taken as —

- (a) each water closet;
- (b) each urinal pan;
- (c) in the case of trough urinals, each unit of length of 700 mm or part thereof, comprised in each trough.

2. The charges as set out hereunder shall be payable by the owners of premises connected to the sewer, per month or part thereof:

(1) *Churches and Residential Dwellings:*

- (a) For the first point: R3.
- (b) Thereafter, for each additional point: R1,70.

- (b) die volgende Tarief van Gelde as 'n Bylae by genoemde verordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

**"BYLAE.
TARIEF VAN GELDE.**

DEEL I.

AANSOEGKELDE.

1. Die gelde wat in item 3 van hierdie Deel aangegee word, is ingevolge artikel 23(1) van hierdie verordeninge betaalbaar ten opsigte van elke aansoek wat ingevolge artikel 20 van hierdie verordeninge ingedien word, en moet betaal word deur die persoon deur wie of namens wie die aansoek gedoen word.

2. Die ingenieur moet die gelde wat betaalbaar is ten opsigte van aansoeke wat ingevolge artikel 20 van hierdie verordeninge ontvang word, ooreenkomstig item 3 hiervan bereken: Met dien verstande dat enigiemand wat voel dat hy deur so 'n berekening benadeel is, daarteen appèl by die Raad kan aanteken.

3.(1) Die volgende gelde is betaalbaar ten opsigte van enige aansoek:

- (a) Vir elke 50 m² of gedeelte daarvan, van die vloer-ruimte van die kelder- en grondverdieping van enige gebou wat bedien gaan word deur, of waarvan die gebruik regstreeks of onregstreeks sal saamgaan met die gebruik van, die perseelrioolstelsel: R1,50.

- (b) Vir elke 50 m² of gedeelte daarvan, van die vloer-ruimte van alle ander verdiepings van enige gebou, omskryf by paragraaf (a): 75c.

(2) Minimum bedrag betaalbaar ten opsigte van enige aansoek ingevolge subitem (1): R3.

(3) Vir enige aansoek om 'n bestaande perseelrioolstelsel te verbou (uitgesonderd die herbouing daarvan), of om aanbouingswerk daaraan te verrig: Vir elke verdieping van 'n gebou, soos omskryf by subitem (1)(a): R3.

(4) Vir enige aansoek wat ingevolge artikel 22(2) van hierdie verordeninge ingedien word: R3.

DEEL II.

RIOLERINGSGELDE.

1. Vir die toepassing van hierdie Deel word 'n 'punt' beskou as —

- (a) elke spoelkloset;
- (b) elke urinaalbak;
- (c) in die geval van trog-urinale, elke eenheid van 700 mm lank of gedeelte daarvan waaruit elke trog bestaan.

2. Die gelde soos hieronder uiteengesit moet deur die eienaars van persele wat by die straatriool aangesluit is, betaal word, per maand of gedeelte daarvan:

(1) *Kerke en Woonhuise:*

- (a) Vir die eerste punt: R3.
- (b) Daarna, vir elke bykomende punt: R1,70.

(2) *Laundries and Dry Cleaning Works.*

(a) For the first point (including conveyance and treatment of trade effluent): R22,50.

(b) Thereafter, for each additional point: R3.

(3) *All Other Premises Within the Municipality:*

(a) For the first point: R4,50.

(b) Thereafter, for each additional point: R3.

(4) *Private Swimming Baths:*

(a) With a capacity up to and including 4,5 kl: 50c.

(b) With a capacity of more than 4,5 kl: R1,50.

3. The owners of premises equipped with conservancy tanks shall pay the charges as set out hereunder in respect of the removal of night-soil and soil-water, per month or part thereof:

(1) For the first 4,5 kl or part thereof, per conservancy tank: R2,25.

(2) Thereafter, per kl removed during the same month, per conservancy tank: 50c.

(3) For removal outside normal working hours, per 4,5 kl or part thereof, per conservancy tank: R4.

(4) Minimum charge, per conservancy tank: R2,25.

PART III.

WORK CHARGES.

1. Sealing openings (section 9(4)), per opening: R3.

2. The charges payable for the opening of blocked drains and other necessary work relating thereto shall be calculated at actual cost plus a surcharge of 10% on such amount.

3. Charges for connections to the Council's sewer in terms of section 7(3) and (4) shall amount to the actual cost of labour and material used for such connections, plus a surcharge of 10% on such amount.

2. The Drainage and Plumbing By-laws of the Stilfontein Municipality, published under Administrator's Notice 509, dated 1 August, 1962, as amended, are hereby revoked.

PB. 2-4-2-34-115

Administrator's Notice 1921

21 December, 1977

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: BY-LAWS RELATING TO THE PROHIBITING AND CONTROLLING OF HAWKERS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 63 of the Licences Ordinance, 1974, section 16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's), of 1945, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

(2) *Wasserye en Droogskoonmakerye:*

(a) Vir die eerste punt (met inbegrip van afvoer en behandeling van bedryfsuitleisels): R22,50.

(b) Daarna, vir elke bykomende punt: R3.

(3) *Alle Ander Persele Binne die Munisipaliteit:*

(a) Vir die eerste punt: R4,50.

(b) Daarna, vir elke bykomende punt: R3.

(4) *Private Swembaddens:*

(a) Met 'n inhoudsvermoë tot en met 4,5 kl: 50c.

(b) Met 'n inhoudsvermoë groter as 4,5 kl: R1,50.

3. Die eienaars van persele wat riooltenks bevat moet vir die verwydering van nagvuil en afvalwater die gelde hieronder uiteengesit, betaal, per maand of gedeelte daarvan:

(1) Vir die eerste 4,5 kl of gedeelte daarvan, per riooltenk: R2,25.

(2) Daarna, per kl gedurende dieselfde maand verwyder, per riooltenk: 50c.

(3) Vir verwydering buite die normale werkstye, per 4,5 kl of gedeelte daarvan, per riooltenk: R4.

(4) Minimum vordering, per riooltenk: R2,25.

DEEL III.

GELDE VIR WERK.

1. Die verseëling van openings (artikel 9(4)), per opening: R3.

2. Die gelde betaalbaar vir die oopmaak van verstopte perseelriole en ander verwante noodsaaklike werk word bereken teen werklike koste plus 'n toeslag van 10% op sodanige bedrag.

3. Gelde vir aansluitings by die Raad se straatriool ingevolge artikel 7(3) en (4) bedra die werklike koste van arbeid en materiaal wat vir sodanige aansluitings gebruik is, plus 'n toeslag van 10% op sodanige bedrag.

2. Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Stilfontein, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby herroep.

PB. 2-4-2-34-115

Administrateurskennisgewing 1921

21 Desember 1977

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VERBOD OP EN DIE BEHEER OOR SMOUSE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 63 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-), van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Definitions.

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

“Board” means the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas instituted in terms of Ordinance 20 of 1943 and includes any officer of the Board, acting by virtue of any powers vested in the Board in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 21*bis* of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943);

“hawker” means any person who, whether as principal, agent or employee, carries on business by selling or exchanging or offering or exposing for sale or exchange goods, in the manner described in item 41(2) of Schedule 1 of the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974) and “hawk” shall have the corresponding meaning;

“Ordinance” means the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974).

Prohibition of the Hawking of Certain Goods.

2.(1) No person shall within the Board's area of jurisdiction hawk any goods other than those set out in Schedule A hereto.

(2) The provisions of subsection (1) shall not be applicable to —

- (a) a holder or an employee of a holder of a licence issued in terms of item 5 of Schedule 1 of the Ordinance in respect of the hawking of bread, rusks, biscuits, cakes, rolls, tarts, pastry or other flour confection;
- (b) a person to whom exemption from licensing has been granted in terms of section 59(2) of the Ordinance;
- (c) a person who hawks within a Bantu Township as defined in section 1 of the Bantu (Townships) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945);
- (d) a farmer or his employees in respect of the sale of livestock, poultry or fodder in the normal course of his farming activities; and
- (e) a person to whom a licence in terms of item 41 of Schedule 1 of the Ordinance has already been granted upon the coming into operation of these by-laws.

(3) The provisions of subsection (2)(e) shall lapse on 31 December, 1977.

Appointment of Stands.

3.(1) No hawker shall carry on business from any fixed place or stand, other than from any of the stands specified in Schedule B hereto applicable to the township or area mentioned in the said Schedule and only in the class of goods in respect of which he has been authorized to so carry on business: Provided that this provision shall not apply to any producer of agricultural or dairy produce in respect of the carrying on of business within the Board's area of jurisdiction on the land where such producer produces such produce.

(2) No hawker shall be entitled to occupy any approved stand unless he has obtained from the Board a

Woordomskrywing.

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

“Ordonnansie” die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974);

“Raad” die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede ingestel kragtens Ordonnansie 20 van 1943, en omvat enige beamppte van die Raad, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 21*bis* van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943) aan hom gedelegeer is;

“smous” iemand wat, of as prinsipaal, agent of werknemer, besigheid dryf deur goedere te verkoop of te verruil; of vir verkoop of ruil aan te bied of uit te stal op die manier soos omskryf in item 41(2) van Bylae 1 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), en het die woorde “te smous” die ooreenstemmende betekenis.

Verbod op die Smous van Sekere Goedere.

2.(1) Niemand mag binne die regsgebied van die Raad met enige ander goedere as dié in Bylae A hierby uiteengesit, smous nie.

(2) Die bepalinge van subartikel (1) is nie van toepassing nie op —

- (a) 'n houder of 'n werknemer van 'n houder van 'n lisensie uitgereik ingevolge item 5 van Bylae 1 by die Ordonnansie ten opsigte van die smous van brood, beskuit, beskuitjies, koek, rolletjies, terte, pasteie of ander meelgebak;
- (b) iemand aan wie vrystelling van lisensiering ingevolge artikel 59(2) van die Ordonnansie verleen is;
- (c) iemand wat binne 'n Bantodorp soos omskryf in artikel 1 van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945) smous;
- (d) 'n boer of sy werknemers ten opsigte van die verkoop van lewende hawe, pluimvee of voer in die gewone loop van sy boerderybedrywighede; en
- (e) iemand aan wie by die inwerkingtreding van hierdie verordeninge, 'n lisensie ingevolge item 41 van Bylae 1 by die Ordonnansie reeds toegestaan is.

(3) Die bepalinge van subartikel (2)(e) verval op 31 Desember 1977.

Aanwys van Staanplekke.

3.(1) Geen smous mag op enige vaste plek of staanplek besigheid dryf nie, behalwe van enigeen van die staanplekke in Bylae B hierby vermeld wat van toepassing is op die dorp of gebied in genoemde Bylae genoem en slegs in die klas goedere ten opsigte waarvan hy gemagtig is om sodanig handel te dryf: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op enige produsent van landbou- of suiwelprodukte ten opsigte van die dryf van besigheid binne die Raad se regsgebied op die grond waar sodanige produsent sodanige produkte produseer.

(2) Geen smous is geregtig om enige goedgekeurde staanplek te okkupeer tensy hy van die Raad 'n skriftelike magtiging om dit te doen verkry het en hy aan

written authority to do so and has paid to the Board the appropriate Fee prescribed in Schedule B hereto.

(3) Every application for a written authority in terms of subsection (2) shall be made to the Board in writing at the time of submission of an application for a licence, and such authority shall be valid only for the validity period of the licence.

Limitations as to Time Hawker at One Place and Place Where He May Hawk

4.(1) Unless there has been allotted to a hawker a specified place or stand at which he may carry on business, no hawker shall —

- (a) remain in one place or within a radius of 50 m from that place for a period exceeding 30 minutes;
- (b) return for the purpose of conducting business to any point within a radius of 50 m from any point previously traversed by him on that particular day;
- (c) trade in any kind, type or description of goods within a radius of 75 m from any business trading at a fixed premises under a licence issued in terms of the Ordinance and displaying or offering for sale the same or a similar kind, class type or description of goods.

(2) The provisions of subsection (1) shall not be applicable to a hawker if he carries on business in ice-cream or frozen suckers only.

General

5. No hawker shall —

- (a) for the purpose of his trade use any vehicle, rack, stand, box or similar structure or device, other than one which has been approved of by the Board;
- (b) at the place where he carries on business, leave or deposit any paper, fruit peels or litter of any description;
- (c) conduct business in foodstuffs unless he is wearing a clean and sound coat of light-coloured washable material;
- (d) fail to keep any vehicle, rack, stand, box or other similar structure or device used by him in a clean and neat condition;
- (e) fail at the close of business for the day to remove any vehicle, rack, stand, box or other similar structure or device which belongs to him.

Penalties

6. Any person who contravenes any of the provisions of these by-laws or fails to comply therewith shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding R200 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 6 months.

die Raad die toepaslike geld, soos in Bylae B hierby voorgeskryf, betaal het nie.

(3) Elke aansoek om 'n skriftelike magtiging ingevolge subartikel (2) word skriftelik aan die Raad gedoen ten tyde van aansoek om 'n lisensie en sodanige magtiging is slegs geldig vir die geldigheidsduur van die lisensie.

Beperkings: Betreffende Tydperk, dat Smous op Een Plek kan Smous en Plek Waar Hy Kan Smous

4.(1) Tensy daar aan 'n smous 'n spesifieke plek of staanplek waar hy besigheid kan dryf, aangewys is, mag geen smous —

- (a) op een plek of binne 'n straal van 50 m van daardie plek vir 'n tydperk van langer as 30 minute bly nie;
- (b) na enige punt binne 'n straat van 50 m van enige punt af waarlangs hy voorheen gedurende daardie betrokke dag beweeg het, terugkeer met die doel om besigheid te dryf nie;
- (c) in goedere van enige soort, klas, tipe of beskrywing handel dryf nie, binne 'n straal van 75 m vanaf enige besigheid wat by 'n vaste perseel handel dryf kragtens 'n lisensie uitgereik ingevolge die Ordonnansie wat goedere van dieselfde of soortgelyke soort, klas, tipe of beskrywing uitstal of vir verkoop aanbied.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op enige smous wat slegs in roomys of yslekkers besigheid dryf nie.

Algemeen

5. Geen smous mag —

- (a) vir die doeleindes van sy besigheid enige ander voertuig, rak, houtstaander, kas of soortgelyke struktuur of toestel as wat deur die Raad goedgekeur is, gebruik nie;
- (b) by die plek waar hy besigheid dryf enige papier, vrugteskille of vuilgoed van enige aard, laat of neerlê nie;
- (c) in voedselware besigheid dryf nie tensy hy 'n skoon en heel oorjas van ligkleurige en wasbare materiaal dra;
- (d) versuim om enige voertuig, rak, houtstaander, kas of ander soortgelyke struktuur of toestel wat deur hom gebruik word, in 'n skoon en netjiese toestand te hou nie;
- (e) versuim, by afhandeling van die besigheid van die dag, om enige voertuig, rak, houtstaander, kas of ander soortgelyke struktuur of toestel wat aan hom behoort, te verwyder nie.

Strafbepalings

6. Iemand wat enige van die bepalings van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200, of by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens 6 maande.

SCHEDULE A.

1. Fresh fruit and vegetables, excluding mushrooms.
2. Washed offal.
3. Dried salted and packed fish.
4. Ice Cream and frozen suckers.
5. The following factory packed goods: Baked peanuts, pop-corn, candied or dried fruit, chips, cheese snacks and sweets.
6. Cold drinks.
7. Eggs.
9. Tanned skins or hides.
9. Handiwork and fancy goods.
10. Wood and coal.
11. Art works.
12. Plants and cut-flowers.
13. Newspapers and magazines.

SCHEDULE B.

PB: 2-4-2-47-111

Administrator's Notice 1922 21 December, 1977

VERWOERDBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Verwoerdburg Municipality, published under Administrator's Notice 349, dated 20 April, 1955, as amended, are hereby further amended by amending item 2 of the Tariff of Charges under Schedule 1 to Chapter 3 by the substitution —

- (a) in subitem (1) for the figure "15,88c" of the figure "16,94c";
- (b) in subitem (2)(a) and (b) for the figures "15,88c" and "13,88c" of the figures "16,94c" and "14,94c" respectively;
- (c) in subitem (3)(b) for the figure "15,88c" of the figure "16,94c".

The provisions in this notice contained shall be deemed to have come into operation on 1 October, 1977.

PB: 2-4-2-104-93

Administrator's Notice 1923 21 December, 1977

WATERVAL-BOVEN HEALTH COMMITTEE: APPLICATION OF STANDARD DRAINAGE BY-LAWS.

The Administrator hereby —

- (a) in terms of section 126A(2) of the Local Govern-

BYLAE A.

1. Vars vrugte en groente, uitgesonderd sampioene.
2. Gewasde afval.
3. Vis wat gesout, gedroog of verpak is.
4. Roomys en yslekkers.
5. Die volgende fabriek-verpakte goedere: Gebakte grondbone, springmielies, versuikerde of gedroogde vrugte, aartappelskiefies, kaaskrulle en lekkers.
6. Koeldranke.
7. Eiers.
8. Gebreide velle en huide.
9. Handwerk en snuisterye.
10. Hout en kole.
11. Kunswerke.
12. Plante en snyblomme.
13. Nuusblaaie en tydskrifte.

BYLAE B.

PB: 2-4-2-47-111

Administrateurskennisgewing 1922 21 Desember 1977

MUNISIPALITEIT VERWOERDBURG: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Verwoerdburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 349 van 20 April 1955, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van die Tarief van Gelde onder Bylae 1 by Hoofstuk 3 te wysig deur —

- (a) in subitem (1) die syfer "15,88c" deur die syfer "16,94c" te vervang;
- (b) in subitem (2)(a) en (b) die syfers "15,88c" en "13,88c" onderskeidelik deur die syfers "16,94c" en "14,94c" te vervang; en
- (c) in subitem (3)(b) die syfer "15,88c" deur die syfer "16,94c" te vervang.

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat, word geag op 1 Oktober 1977 in werking te getree het.

PB: 2-4-2-104-93

Administrateurskennisgewing 1923 21 Desember 1977

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL-BOVEN: TOEPASSING VAN STANDAARD RIOLE-RINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur —

- (a) maak hierby ingevolge artikel 126A(2) van die Or-

ment Ordinance, 1939, read with section 164(3) of the said Ordinance, makes the Standard Drainage By-laws, published under Administrator's Notice 665, dated 8 June, 1977, applicable to the Waterval-Boven Health Committee as regulations of the said Committee;

(b) in terms of the said section 164(3) of the said Ordinance publishes that in terms of section 126(1)(a) of the said Ordinance he —

(i) hereby revokes the Drainage and Plumbing By-laws published under Administrator's Notice 509, dated 1 August, 1962, and made applicable *mutatis mutandis* to the area of jurisdiction of the Waterval-Boven Health Committee under Administrator's Notice 106, dated 13 February, 1963, as amended, excepting Schedules A, B and C;

(ii) amends the said Schedule A as follows:

(aa) By the substitution in paragraph 1 of Part I for the expressions "subregulation (1) of regulation 11" and "regulation 6" of the expressions "section 23(1) of the Committee's Drainage Regulations" and "section 20(1) of the Committee's Drainage Regulations" respectively.

(bb) By the substitution in paragraph 2 of Part I for the expressions "regulation 6" and "regulation 4" of the expressions "section 20(1) of the Committee's Drainage Regulations" and "section 3 of the Committee's Drainage Regulations" respectively.

(cc) By the substitution in paragraph 4 of Part II for the expression "regulation 8(2)" of the expression "section 22(2) of the Committee's Drainage Regulations"; and

(iii) amends the said Schedule B as follows:

(aa) By the substitution in paragraph 1 of Part I for the expression "regulation 10" of the expression "section 5 of the Committee's Drainage Regulations".

(bb) By the substitution in the introductory paragraph to Part IV for the expression "subregulation (1) of regulation 22" of the expression "section 77 of the Committee's Drainage Regulations".

(cc) By the substitution in paragraph 3 of Part IV for the expression "Schedule D to these regulations" of the expression "Appendix II of the Committee's Drainage Regulations".

(dd) By the substitution in Part IV for the expression "regulation 68" of the expression "section 71 of the Committee's Drainage Regulations".

PB. 2-4-2-34-106

Administrator's Notice 1924 21. December, 1977

WITBANK MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with

donnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 164(3) van genoemde Ordonnansie, die Standaard Rioleringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 665 van 8 Junie 1977, op die Gesondheidskomitee van Waterval-Boven van toepassing as regulasies van genoemde Komitee;

(b) publiseer hierby ingevolge genoemde artikel 164(3) van genoemde Ordonnansie dat hy ingevolge artikel 126(1)(a) van genoemde Ordonnansie —

(i) die Riolerings- en Loodgietersregulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, en *mutatis mutandis* van toepassing gemaak op die regsgebied van die Gesondheidskomitee van Waterval-Boven by Administrateurskennisgewing 106 van 13 Februarie 1963, soos gewysig, uitgesonderd Bylaes A, B en C, hierby herroep;

(ii) genoemde Bylae A soos volg wysig:

(aa) Deur in paragraaf 1 van Deel I die uitdrukking "subregulasie (1) van regulasie 11" en "regulasie 6" onderskeidelik deur die uitdrukkings "artikel 23(1) van die Komitee se Rioleringsregulasies" en "artikel 20(1) van die Komitee se Rioleringsregulasies" te vervang.

(bb) Deur in paragraaf 2 van Deel I die uitdrukkings "regulasie 6" en "regulasie 4" onderskeidelik deur die uitdrukkings "artikel 20(1) van die Komitee se Rioleringsregulasies" en "artikel 3 van die Komitee se Rioleringsregulasies" te vervang.

(cc) Deur in paragraaf 4 van Deel II die uitdrukking "regulasie 8(2)" deur die uitdrukking "artikel 22(2) van die Komitee se Rioleringsregulasies" te vervang; en

(iii) genoemde Bylae B soos volg wysig:

(aa) Deur in paragraaf 1 van Deel I die uitdrukking "regulasie 10" deur die uitdrukking "artikel 5 van die Komitee se Rioleringsregulasies" te vervang.

(bb) Deur in die inleidende paragraaf van Deel IV die uitdrukking "subregulasie (1) van regulasie 22" deur die uitdrukking "artikel 77 van die Komitee se Rioleringsregulasies" te vervang.

(cc) Deur in paragraaf 3 van Deel IV die uitdrukking "Bylae D by hierdie regulasies" deur die uitdrukking "Aanhangsel II van die Komitee se Rioleringsregulasies" te vervang.

(dd) Deur in Deel VI die uitdrukking "regulasie 68" deur die uitdrukking "artikel 71 van die Komitee se Rioleringsregulasies" te vervang.

PB. 2-4-2-34-106

Administrateurskennisgewing 1924 21 Desember 1977

MUNISIPALITEIT WITBANK: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939,

section 166 of the Road Traffic Ordinance, 1966, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Traffic By-laws of the Witbank Municipality, published under Administrator's Notice 223, dated 19 March, 1947, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion of sections 94 to 96 inclusive, 98 to 102 inclusive and 104 to 106 inclusive of Chapter VIII.

2. By the deletion of items 7, 8 and 11 of Schedule A under Annexure VIII.

PB. 2-4-2-98-39

Administrator's Notice 1925 21 December, 1977

WITBANK MUNICIPALITY: TARIFF OF CHARGES FOR ADMISSION TO AND THE USE OF FACILITIES AT THE WITBANK DAM.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

TARIFF OF CHARGES.

1. Admission Charges.

- (1) Per motor-car: 50c.
- (2) For every person exceeding five persons per motor-car: 10c.
- (3) Other vehicles and pedestrians:
 - (a) Per adult: 20c.
 - (b) Per child: 10c.
- (4) Residents of old age homes, per person: 10c.
- (5) Groups of school children under supervision, each: 5c.
- (6) Season tickets in respect of motor-cars:
 - (a) Per year (Beginning 1 July): R9.
 - (b) Per half-year (Beginning 1 July or 1 January): R5.
- (7) Per motorboat: R1.
- (8) Season tickets in respect of motorboats (1 October to 30 April of each year): R12.
- (9) International and Provincial Water Sports Functions:
 - (a) Per motor-car: R3.
 - (b) Pedestrians:
 - (i) Per adult: R1.
 - (ii) Per child: 30c.

2. Camping Charges for Caravans and Tents.

- (1)(a) For the first 8 weeks, per completed week of 7 days: R15.

gelees met artikel 166 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Witbank, afgekondig by Administrateurskennisgewing 223 van 19 Maart 1947, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikels 94 tot en met 96, 98 tot en met 102 en 104 tot en met 106 van Hoofstuk VIII te skrap.

2. Deur items 7, 8 en 11 van Bylae A onder Aanhangsel VIII te skrap.

PB. 2-4-2-98-39

Administrateurskennisgewing 1925 21 Desember 1977

MUNISIPALITEIT WITBANK: TARIEF VAN GELDE VIR TOEGANG TOT EN DIE GEBRUIK VAN GERIEWE BY DIE WITBANKDAM.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is:

TARIEF VAN GELDE.

1. Toegangsgelde.

- (1) Per motorkar: 50c.
- (2) Vir elke persoon meer as vyf persone per motorkar: 10c.
- (3) Ander voertuie of voetgangers:
 - (a) Per volwassene: 20c.
 - (b) Per kind: 10c.
- (4) Inwoners van Ouete huise, per persoon: 10c.
- (5) Groepe skoolgaande kinders onder toesig, elk: 5c.
- (6) Seisoenkaartjies ten opsigte van motorkarre:
 - (a) Per jaar (Beginnende 1 Julie): R9.
 - (b) Per halfjaar (Beginnende 1 Julie of 1 Januarie): R5.
- (7) Per motorboot: R1.
- (8) Seisoenkaartjies ten opsigte van motorbote (1 Oktober tot 30 April van elke jaar): R12.
- (9) Internasionale en Provinsiale Watersportbyeenkomste:
 - (a) Per motorkar: R3.
 - (b) Voetgangers:
 - (i) Per volwassene: R1.
 - (ii) Per kind: 30c.

2. Kampeergelde vir Karavane en Tente.

- (1)(a) Vir die eerste 8 weke, per voltooide week van 7 dae: R15.

(b) In respect of an incomplete week in terms of paragraph (a), per day: R2,50.

(2)(a) For the following 4 weeks, per completed week of 7 days: R21.

(b) In respect of an incomplete week in terms of paragraph (a), per day: R3,50.

(3)(a) Thereafter, per completed week of 7 days: R27.

(b) In respect of an incomplete week in terms of paragraph (a), per day: R4,50.

(4) For the purpose of subitems (1) to (3) inclusive on interim period of 30 days or longer shall be deemed to be an interruption of the camping period.

3. Sale of Timber.

Per bundle: 30c.

The Tariff of Charges for Admission to and the Use of Facilities at the Witbank Dam of Witbank Municipality, published under Administrator's Notice 1334, dated 30 July, 1975, as amended, is hereby revoked.

PB. 2-4-2-69-39

Administrator's Notice 1926 21 December, 1977

WOLMARANSSTAD MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS REGULATING THE SAFEGUARDING OF SWIMMING POOLS AND EXCAVATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Wolmaransstad has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard By-laws Regulating the Safeguarding of Swimming Pools and Excavations, published under Administrator's Notice 423, dated 22 April, 1970, as amended by Administrator's Notice 1856, dated 29 December, 1971, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-182-40

Administrator's Notice 1927 21 December, 1977

REGULATIONS RELATING TO THE JOINT MUNICIPAL PENSION FUND (TRANSVAAL): AMENDMENT.

The Administrator, in terms of the provisions of section 79ter of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), hereby amends the Regulations relating to the Joint Municipal Pension Fund (Transvaal) established by the Administrator in terms of section 79ter of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), and affecting certain other Pension Funds, promulgated under Administrator's Notice 2056 of 12 November, 1974, as set out in the Schedule hereto with effect from 1 January, 1978.

SCHEDULE.

1. Regulation 1 is hereby amended by —

(a) by the insertion after the definition of "general committee" of the following definition:

(b) Ten opsigte van 'n onvoltooide week ingevolge paragraaf (a), per dag: R2,50.

(2)(a) Vir die daaropvolgende 4 weke, per voltooide week van 7 dae: R21.

(b) Ten opsigte van 'n onvoltooide week ingevolge paragraaf (a), per dag: R3,50.

(3)(a) Daarna, per voltooide week van 7 dae: R27.

(b) Ten opsigte van 'n onvoltooide week ingevolge paragraaf (a), per dag: R4,50.

(4) Vir die toepassing van subitems (1) tot en met (3) word 'n tussentydperk van 30 dae of langer geag 'n onderbreking van die kampeertydperk te wees.

3. Verkoop van Hout.

Per bondel: 30c.

Die Tarief van Gelde vir Toegang tot en Gebruik van Geriewe by die Witbankdam van die Munisipaliteit Witbank, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1334 van 30 Julie 1975, soos gewysig, word hierby herroep.

PB. 2-4-2-69-39

Administrateurskennisgewing 1926 21 Desember 1977

MUNISIPALITEIT WOLMARANSSTAD: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE WAARBY DIE BEVEILIGING VAN SWEMBADDENS EN UITGRAWINGS GEREGULEER WORD.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Wolmaransstad die Standaardverordeninge Waarby die Beveiliging van Swembaddens en Uitgrawings Gereguleer Word, afgekondig by Administrateurskennisgewing 423 van 22 April 1970, soos gewysig by Administrateurskennisgewing 1856 van 29 Desember 1971, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangenem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-182-40

Administrateurskennisgewing 1927 21 Desember 1977

REGULASIES BETREFFENDE DIE GEMEENSKAPLIKE MUNISIPALE PENSIOENFONDS (TRANSVAAL): WYSIGING.

Ingevolge die bepalinge van artikel 79ter van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), wysig die Administrateur hierby die Regulasies Betreffende die Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Transvaal) deur die Administrateur ingestel ingevolge artikel 79ter van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), en wat sekere ander Pensioenfonds raak, afgekondig by Administrateurskennisgewing 2056 van 12 November 1974, soos in die Bylae hierby uiteengesit, met ingang van 1 Januarie 1978.

BYLAE.

1. Regulasie 1 word hierby gewysig deur —

(a) na die woordskrywing van "Fonds" die volgende woordskrywing in te voeg:

“(xiiiA) ‘gratuity’ means a lump sum payable in terms of these Regulations to a retiring member, a dependant or a member who leaves the service; (viiiA)”;

(b) the deletion of the definitions of “new member” of the following definition:

“(xviii) ‘pension’ means a retiring benefit, an annuity, a gratuity or other benefit payable in terms of these Regulations; (xvii)”;

2. Regulation 8 is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

“(2) Not more than 2 office-bearers elected in terms of subregulation (1)(a) and not more than 2 office-bearers elected in terms of subregulation (1)(b) may reside more than 160 km from the registered office of the Fund.”

3. Regulation 15(1) is hereby amended by the substitution for paragraphs (o) and (p) of the following paragraphs:

“(o) accept any property on behalf of the Fund by way of donation or bequest;

(p) write off any amount which is or may be due to the and which, in the opinion of the management committee, is irrecoverable or not profitable to recover; and

(q) do all such things as are incidental or conducive to the attainment of the objects of these Regulations.”

4. Regulation 24(5)(b)(i) is hereby amended by the substitution for the words “twice the total of his contributions” of the words “the total of his contributions and the contributions of the local authority”.

5. Regulation 25 is hereby amended by —

(a) the addition at the end of subregulation (2) of the following proviso:

“: Provided that no contributions shall be paid by a member in respect of the month in which he attains the age of 17 years.”;

(b) the substitution in subregulation (3)(a) for the expression “regulation 33(3), (4), (5), (6) or (7)” of the expression “regulation 32, 33(3)”;

(c) the insertion after subregulation (3) of the following subregulation:

“(3A) If a member receives less than full pay during any calendar month, he shall —

(a) contribute on the basis of his full pensionable emoluments during such calendar month if he has received 15 or more days’ full pay during such calendar month;

(b) make no contribution during such calendar month if he has received less than 15 days’ full pay during such calendar month.”

6. Regulation 26(1) is hereby amended by the deletion of the expression “, with the approval of the Administrator,”

7. Regulation 32 is hereby substituted by the following regulation:

“(viiiA) ‘gratifikasie’ ’n ronde bedrag wat ingevolge hierdie Regulasies aan ’n aftredende lid, afhanklike of lid wat uit die diens tree, betaalbaar is; (xiiiA)”;

(b) die woordskrywings van “nuwe lid” en “ou lid” te skrap; en

(c) die woordskrywing van “pensioen” deur die volgende woordskrywing te vervang:

“(xviii) ‘pensioen’ ’n aftreevoordeel, ’n jaargeld, ’n gratifikasie of ander voordeel ingevolge hierdie Regulasie betaalbaar; (xviii)”.

2. Regulasie 8 word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(2) Hoogstens 2 ampsdraers verkies ingevolge subregulasie (1)(a) en hoogstens 2 ampsdraers verkies ingevolge subregulasie (1)(b) kan verder as 160 km van die Fonds se geregistreerde kantoor woonagtig wees.”

3. Regulasie 15(1) word hierby gewysig deur paragrawe (o) en (p) deur die volgende paragrawe te vervang:

“(o) enige eiendom namens die Fonds as geskenk of bemaking aanvaar;

(p) enige bedrag wat aan die Fonds verskuldig is of mag wees en wat na die mening van die komitee van beheer onverhaalbaar of nie lonend verhaalbaar is nie, afskryf; en

(q) alles doen wat in verband staan met die bereiking van die doelstelling van hierdie Regulasies of wat dit sal bevorder.”

4. Regulasie 24(5)(b)(i) word hierby gewysig deur die woorde “twee maal die totaal van sy bydraes” deur die woorde “die totaal van sy bydraes en die bydraes van die plaaslike bestuur” te vervang.

5. Regulasie 25 word hierby gewysig deur —

(a) aan die end van subregulasie (2), die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

“: Met dien verstande dat geen bydraes deur ’n lid betaal word nie ten opsigte van die maand waarin hy die ouderdom van 17 jaar bereik.”;

(b) in subregulasie (3)(a) die uitdrukking “regulasie (33)(3), (4), (5), (6) of (7)” deur die uitdrukking “regulasie 32, 33(3)” te vervang; en

(c) na subregulasie (3) die volgende subregulasie in te voeg:

“(3A) As ’n lid minder as volle besoldiging vir enige kalendermaand ontvang, maak hy —

